COMMUNITY NEWSPAPIER

# GansBerg Nuus/News

PRICE R15.00

27 February 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

292nd Edition


3 Gansbaai SAPS
4 Maak jou veters vas
6 4,500km walk
11 Rolbal Besigheidsliga
12 Unieke Dorpie

## Romansbaai: Herinneringe uit 'n Strandveld-verlede

Artikel op Bl.2



*Dit was tradisie om kaalbas by Romansbaai harders te trek, en as 'n mens mooi kyk, sien jy twee broekloses - die span op die foto is dié van oom Chrisjan (Kriek) Vermeulen in die laat jare vyftig en vroeë jare sestig.*




The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




In 2005, sowat 20 jaar gelede, het wyle Jan (Pyp) Fourie, ou-onderwyser en bekende skrywer van Franskraal oor die Strandveld, asook die destydse kurator van die Strandveld Museum, 'n interessante maar insiggewende berig oor die vissermanne van Romansbaai geskryf - oor die tradisie om kaalbas harders te trek, maar ook oor vooruitgang versus ons fynboskus.

“Die najaar lag oor die Strandveld-landskap. Die verbruinde veld nog somermoedeloos moeg. Ver uit op die see broei Adamastor sappige wolkbanke uit waarmee hy ons nog uit 'n verrookte somer wil stroop. 'n Vlug duikers string in die rigting van Hangklip,” skryf Jan op sy kenmerkende manier, en die res móét eenvoudig ook aangehaal word: “Agter die duin, 'n lint bossierook uit die skoorsteen van 'n Blomparkse hop-huisie. Onderkant jou lê Romansbaai. Links skiet 'n kranstong die see in. Hoër op Saagkuil. Dan Teegat se baai en Danger Point se rooi-en-wit toring. Dit is hier waar talle skepe en matrose hul laaste rusplek gevind het - skepe soos die Birkenhead en Teuton. Regs van jou, noordooswaarts, lê Gansbaai uitgestrek langs 'n getande kuslyn. Dié vissersdorpie het die afgelope tien jaar 'n metamorfose ondergaan. Die vissershuisies en ouwêreldse atmosfeer het onder die sand verdwyn. Gansbaai het 'n *Shopping Mall* geword!”
Jan se skryfstyl neem 'n mens só in vervoering dat die versoeking ontstaan om die volledige berig net so te herhaal. Tog skryf hy met 'n tikkie weemoed oor vooruitgang teenoor ons fynboskuslyn. Jan beskryf Romansbaai as 'n “Hans-die-Skipper-strepie” sandstrand waar “vlegselvoetpaadjies” loop en waar miljoene harders gevang is. Hy verwys na tradisionele spanne soos die Wesselse (Kano's), Vermeulens (Krieke), Germishuise (Vales) en Groenewalds (Stukke) - almal het destyds byname gehad. Wanneer die swart, skuiwende skole vis die baai binnekom, word die skuitmanne op die duin gewaarsku en word die vis al roeiende nader gebring, met klippe wat tussen die harders gegooi word sodat hulle skrik en in die net verstrengel raak.

Die vis word teen die duin uitgedra en by die hawe het die vroue dit bewerk en in bossies van 12 ingeryg om aan 'n stellasie te droog. Die eindproduk was gesog onder boere van die Overberg en Bossieveld. Oupa Andries Moolman staan gereed met sy skotskar waarop die harders gelaai word om na Gansbaai vervoer te word. Oom Koen Kano, skuitnaam van die hardertrekkers, vertel jy kon galjoene vir 'n sikspens kry, mits hulle dik van die spek was, en 'n middelslag-geelbek vir 'n tiekie. Volgens oorlewering is Romansbaai na Rooiman vernoem, 'n jukbreker van 'n vooros wat sy vrekte daar op die sappige kweek van die baai gesoek het deur verlepte melkhoutblare te vreet. In die dertigerjare het wrakstukke van 'n roeiboot op die strand uitgespoel. Jan skryf dat Machiel Groenewald, 'n visserman en skuitbouer, die stukke mooi inmekaargepas het om 'n soortgelyke skuit te bou - só het die legendariese en unieke Gansbaaikano ontstaan wat vir meer as 50 jaar die verraderlike see van Danger Point tot by Spitskop aangedurf het.

Jan se berig was nie net op “toeka-se-tye” gemik nie - daar was 'n ondertoon van weemoed: “Die skendbaarheid van ons ongerepte kusfynbos is 'n feit. Maar 'n mens moet veg teen sogenaamde ontwikkelingsprojekte wat soos Toskaanse stukke pretensie oral rondom Gansbaai verrys. Êrens laat 'n dik straal suurlemoensap die pot lensiedop oorkook. Ons het nié die aarde van ons vaders geërf nie. Ons léén dit van ons kinders!”
(*Bron: Fourie, Jan. 2005. “Baai-baai, Romansbaai.” Bylae by* Die Burger*, 8 Maart 2005, bl. 7.*) - Aan die Gans-Berg Nuus beskikbaar gestel deur Jan van Bosch, De Kelders.)

**Hardus Botha**

# Bantamsklip-kernplan wek hoop én kommer in die Overberg

Sosiale media is die afgelope tyd oorlaai met kommentaar en kommer oor die Suid-Afrikaanse regering se ondersoek na die ontwikkeling van 'n nuwe kernkragstasie by Bantamsklip, tussen Pearly Beach en Kleinbaai - kommer wat te verstane is.
Eskom het in 2025 'n imgewingsimpakstudie (OIS) vir 'n voorgestelde 5 200 MW-aanleg begin.
Bantamsklip is een van twee terreine wat tans oorweeg word. Die projek vorm deel van die land se Geïntegreerde Hulpbronplan (GHP) 2025, wat voorsiening maak vir nuwe kernkapasiteit.
Standpunte oor die Bantamsklip-terrein verskil - sommige ondersteun kernkrag vir energiestabiliteit, terwyl ander bekommerd is oor die omgewingsimpak en koste. Die OIS-proses sal bepaal of die terrein geskik is en watter maatreëls nodig is om omgewingsrisiko's te beperk.

**Waarom kernkrag?**
In kort kom dit op die volgende neer: *Betroubare energie wat konstante baseload-elektrisiteit kan lewer en kan help om beurtkrag te verminder; *Lae koolstofvrystellings wat Suid-Afrika se langtermyn-klimaatteikens kan ondersteun; *Ekonomiese voordele, met die boufase wat duisende werksgeleenthede kan skep en plaaslike vaardigheidsontwikkeling kan bevorder; *Tegnologiese ontwikkeling, met die projek wat tot die herlewing van kerntegnologie en industriële groei kan bydra.

Met dank en erkenning teenoor Michelle van Zyl, eienaar van Gans-Berg Nuus, en Freda Potgieter, bemarkingskonsultant, wat die vergadering op Donderdag 19 Februarie 2026 in Pearly Beach namens die redaksiespan bygewoon het om lesers ingelig te hou.

**Hardus Botha**


***Die Pearly Beach Hengelklubsaal was volgepak met bekommerde belangstellendes oor die kernkrag-kwessie.***










# Milestone promotions at Gansbaai SAPS ceremony


*The group of eight constables who were promoted to the rank of sergeant, with Lt Col Janse van Rensburg at the back left and W/O Lourens next to him.*

"Promotion from Constable to Sergeant within the South African Police Service is a proud milestone in the lives of police men and women," said Lt Col Janse van Rensburg, Station Commander of Gansbaai. "It represents growth, perseverance, and the unwavering commitment you have shown in serving the people of South Africa." Lt Col Janse van Rensburg said their journey as Constables was built on discipline, courage and dedication. "Through demanding shifts, complex cases and daily community interactions, you demonstrated reliability and professionalism," he continued. "Therefore, this promotion is not just about time served - it is about the character, leadership potential and work ethic you have consistently displayed."

The eight grateful and proud constables who were promoted to the rank of Sergeant are (alphabetically): Dosi, X; Lolwana, MM; Lubuzo, M; Lucas, EN; Magalani, L; Mbanyaru, N; Meyer, J; Snyman, N.

Lt Col Janse van Rensburg then cautioned them: "As a Sergeant, you now carry greater responsibility - you are entrusted to guide, support and inspire fellow members." Their leadership will shape the morale, performance and integrity of their teams. They were encouraged to lead with fairness, wisdom and strength, and to uphold the values of service, accountability and respect in every decision they make.

"May this promotion remind you that hard work does not go unnoticed. Continue striving for excellence, remain committed to justice, and serve as a positive example both within the Service and in the community," Lt Col Janse van Rensburg concluded. "Congratulations on your achievement, and may this new rank open doors to even greater accomplishments in your career."

The Warrant Officer who quietly stole the spotlight during the promotion ceremony was W/O BJ Lourens, who received his medal for 30 years of loyal and uninterrupted service - in fact, four years after reaching the milestone of 30 years' service in the South African Police Service.

The editorial team of the Gans-Berg News congratulates the "new Sergeants" on their promotions and wishes them strength with their greater responsibilities. Congratulations also to W/O Lourens on receiving his 30-year service medal.

**Hardus Botha**


*A proud W/O Lourens receives his 30-year service medal from Lt Col Janse van Rensburg.*









# Maak jou veters vas... Napier

Dis Vrydagoggend, 20 Februarie 2026, en ek moet my dogter en kleinseun na die suster toe vat vir sy 12-maande-inenting in Napier.

Soos gewoonlik is almal opgewerk oor die feit dat boetie gaan huil en mamma kan nie sien hoe hy seer gemaak moet word nie, want mamma sal harder huil … maar so vat ons die stuk grondpad na Napier. Wat 'n *surprise*! Ná al die reën moes hulle dit seker geskraap het, maar glo my as ek sê: die pad was doeksag.

Daar gekom, binne 'n halfuur, sit ons toe so 'n bietjie en wag omdat ons redelik vroeg daar was. Nie lank daarna nie mag ons ingaan. Sas sit toe lekker en gesels met ons en die tannie, min wetende wat binnekort gaan gebeur, maar nietemin hou ons hom besig …


Route 316 Farmstall se personeel: Alima Mentoor, Daveline Pieters en Chantel Maart.

Toe almal nou reg is en die suster regstaan om te spuit, sê my dogter: "Mamma, hou jy hom vas!" Nou ja, waar sal 'n ouma nou nee sê? Op my arm en ouma hou hom besig met die oulikste plakkertjies wat ons op mamma se voorkop plak. Nou ja, daar is die inspuiting toe nou in en hy kyk so agtertoe oor my skouer om te loer waar die pyn vandaan kom. Maar ouma gesels weer en die aandag is toe weer voor by die plakkers en daar word lekker verder gespeel. Nie 'n traan gestort nie - ouma se groot seun! Soos julle natuurlik weet, die oumas wat hier lees, ons moet maar sterk staan en lyk asof dit ons nie seermaak nie, maar tog affekteer dit ons, nie waar nie?




Met dié gedagte sê ek: kom ons gaan drink 'n koffie by die restaurant waarvan ek gehoor het, net buite Napier op pad Bredasdorp se kant toe - Route 316 Farmstall. Die eienaars van Soaring Eagle, Neena en Gerhard Mulder, het die intressante plekkie in September 2025 oopgemaak; en soos ek vir Neena gesê het, ek belowe ek sal nog daar 'n draai kom maak. En soos die mense wat my ken weet: my woord is my woord - my draai daar gaan ek maak.
Ons sit toe die stuk in na die plekkie genaamd Route 316 Farmstall. Nou ja, met lekker gesels en GPS wat jou vriend is, kry ons toe die plek - net so klein entjie buite Napier op pad Bredasdorp toe, aan jou regterkant. Was ek verstom! Die pragtige gewelhuis teen die hoofpad, met die allermooiste groen velde om hom wat net skree: PLAAS!



Ons ry toe in en ek, natuurlik met die kamera, loop die hele plek vol nadat ek eers permissie gevra het. My oog vang die lekker groot parkeerterrein waar mense met gemak kan stop en nie ver hoef te loop om by die restaurant uit te kom nie. Lekker tafels en stoele buite op die gras, tafels op die stoep vir dié wat buitelig soek, maar nie té veel wind wil hê nie.


By die allermooiste voordeur staan ek eers stil en neem 'n pragfoto, want as dit jou nou nie innooi nie, dan weet ek ook nie so mooi nie. Binne gekom, staan daar drie dames wat jou met 'n glimlag begroet. "Môre, welkom hier by ons, loop gerus deur." Julle sal sien - my foto's spreek vanself. Daar is iets van alles beskikbaar om te koop - 'n geskenk of twee, vir ieder en elk. Ons het gaan loer en 'n paar goedjies net nie kon verbyloop nie en dit by die kasregister neergesit om te betaal. Ek sê toe ons wil graag nou iets eet. Kan ons buite sit? Ons is toe van 'n spyskaart voorsien.

Wat 'n heerlike spyskaart! Vinnig-vinnig het ons besluit wat ons wil eet en drink: melkskommels, pizza en hoenderstrippies met chips. Die melkskommels was lekker groot glase met marshmallows bo-op en, nie lank daarna nie, is ons kos ook voor ons op die tafel neergesit - en hét ons lekker geëet …

Ek dink baie dat, ná die Covid-pandemie, mense haastig geraak het met alles en nie meer genoeg tyd vir hulself maak nie. So, as jy nou 'n entjie op 'n Saterdag of Sondag wil uitry en net rustig iets wil gaan geniet, dan is dit een van die plekke waarheen jy kan gaan. Gaan loer gerus in by Route 316 Farmstall en loop so 'n bietjie rond - kry vars lug en sonlig. Jy sal nie spyt wees nie en beslis weer teruggaan.

**Michelle van Zyl**






# Franskraal se Willie en Beth vereer met dubbele Kudu-eer

Twee trotse Franskralers, of eerder SANParke Ereveldwagters, Willie en Beth (dr.) Engelbrecht, het tydens SANParke se gala-geleentheid vir Ereveldwagters elk 'n Kudu-toekenning ontvang - Willie vir *Projek van die Jaar*, en Beth, as voorsitter van die Ariedestreek, wat die toekenning voor die neuse van 30 ander streke weggeraap het. As teken van erkenning vir die werk wat die Ereveldwagters doen, ken SANParke jaarliks slegs drie Kudu-toekennings tydens die gala-geleentheid toe - en vanjaar het twee daarvan aan Willie en Beth gegaan. Wat die egpaar se prestasie nóg merkwaardiger maak, is dat dit die eerste keer in sowat 60 jaar is wat twee Kudu-toekennings aan dieselfde gesin toegeken word.

**Kudu-toekennings**

Twee van die drie jaarlikse Kudu-toekennings word aan 'n groot streek (meer as 50 lede) en 'n klein streek (minder as 50 lede) toegeken. Die beoordeling geskied op grond van die gemiddelde aantal ure wat streekslede diens in 'n park verrig, asook die monetêre waarde van die totale donasies wat die streek aan die park maak. Dienste sluit 'n verskeidenheid take in, onder meer patrollies op toeristepaaie, inspeksies van grensdrade en watergate, gasvryheidsdienste (soos hulp met die skoonmaak van ablusiegeriewe), tegniese bystand en navorsing. Bydraes aan SANParke is nooit in kontant nie, maar altyd met goedere - onder meer sonpompstelsels vir watergate, digitale toerusting vir teenstropery-operasies, verkykers, GPS-toerusting en brandbestrydingstoerusting.


Willie en Beth Engelbrecht met hul onderskeie Kudu-toekennings.

**Ereveldwagter-projekte**

Die SANParke Ereveldwagters loods jaarliks verskeie fondsinsamelingsprojekte om hierdie bydraes moontlik te maak. Dat die Ariedestreek, onder Beth se voorsitterskap, die toekenning ontvang het, getuig van sterk leierskap en die lede se toewyding tot die bewaring van Suid-Afrika se nasionale parke se natuurerfenis. Die derde Kudu-toekenning word toegeken aan die beste SANParke Ereveldwagter-projek van die jaar - en dit is hier waar Willie ter sprake kom. Hy het die toekenning ontvang as projekleier vir 'n bewaringsprojek in die Richtersveld Nasionale Park wat as *Projek van die Jaar* bekroon is. Die projek, wat Willie en sy span 'n volle jaar besig gehou het, het gefokus op die bewaring van endemiese sukkulente wat bedreig word deur stropery, oorbeweiding en klimaatsverandering. Dit is Willie se tweede Kudu-toekenning. In 2017 het hy ook 'n Kudu-toekenning ontvang vir sy bydrae tot die transformasie van SANParke se vaardigheidsopleidingsprogram - ook vir die *Projek van die Jaar*.

**SANParke**

Vir dié wat nie weet nie: die SANParke Ereveldwagters is 'n vrywillige korps van natuurliefhebbers wat SANParke bystaan om sy bewaringsdoelwitte te bereik. Hulle ontvang geen vergoeding nie en het verlede jaar 'n bydrae van R100 miljoen gelewer. Willie is reeds 30 jaar by die Ereveldwagters betrokke en Beth die afgelope 20 jaar - twee gesoute Ereveldwagters. Die egpaar is betrokke by vyf parke: Kgalagadi-oorgrenspark, Richtersveld Nasionale Park, Augrabieswaterval Nasionale Park, Namakwa Nasionale Park en Meerkat Nasionale Park. Daar is 31 streke landwyd; Willie en Beth dien in die Ariedestreek, met minder as 50 lede.

In die Gans-Berg Nuus van 31 Mei 2024 is berig oor Beth se “dubbele” professorskap: sy is deur die Universiteit van Kaapstad as ereprofessor aan die Skool vir Openbare Gesondheid aangestel, en het ook 'n professoraat by die Noordwes-Universiteit ontvang. In dieselfde berig is verwys na Willie en Beth se gesamentlike boek, *The Lost Tales of the Meerkat National Park – Karoo Farmlands and their Stories*. Die boek het ontstaan uit hul liefde vir die ekostelsels van daardie streek. Oorkoepelend beskou, is Willie en Beth Engelbrecht twee besonderse Franskralers - altwee ewe nederig en beskeie ten spyte van hul merkwaardige prestasies.

**Hardus Botha**





**Medical 911**





Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637



1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335


# 4,500km Walk driven by Hope and Purpose

Over the years, *Gans-Berg News* has reported on many charity walkers - all passionate about their causes. Meeting Marius Swanepoel (58) of Shelly Beach, KwaZulu-Natal, however, felt different. One glance made it clear that his commitment is more than passion - it is part of who he is. “This journey is about awareness, action, and hope,” he said.



*The walking continues - Marius Swanepoel (58) and his son Colin (16) with their tiny tent at Gansbaai Caravan Park.*


Marius undertook this 4,500km “Journey of Hope” with two goals: helping Grade R learners and building a shelter for single mothers and their children in Shelly Beach. His coastal walk began on 1 October 2025 in Shelly Beach, where he lives, taking him to Sodwana, back down to Cape Town, and onward to Alexander Bay. During an interview at Gansbaai Caravan Park, he explained that on his return leg he turned back at Kosi Bay to collect his son, Colin (16), near Margate, who is now walking the remainder of the journey with him. “For him, it's a special learning experience to walk alongside me,” Marius said.

They stayed two nights in Gansbaai. Their tent is strikingly small - almost unbelievable given the distance they cover. “When we walk together, I carry about 50kg and Colin about 30kg,” he added. Originally scheduled to return to Shelly Beach on 31 August 2026, they are two months ahead of schedule and now expect to arrive home on 30 June 2026.

“I am doing this walk to shine a light on two urgent needs in our country. Firstly, helping children enter Grade R - thousands of South African children cannot start school simply because families cannot afford fees, transport, stationery or uniforms,” he said. “Grade R is the foundation of a child's education - missing it places them at a lifelong disadvantage.” “Secondly, I aim to build a shelter for single mothers and their children.” His broader vision is to establish a safe, fully compliant, Department of Social Development-registered facility providing secure accommodation for children, assistance with school placement and transport, and - for mothers - housing, employment support, skills development, training, and a supportive environment in which to rebuild their lives. “This shelter will not only rescue families - it will restore them,” he said.

Contact details: WhatsApp - 081 317 2352; WhatsApp Channel - https://whatsapp.com/channel/0029Vb6ZsS53GJOsU78n9D1g; YouTube - @journeyofhope-p7f; TikTok - @marius0101.

**Hardus Botha**




*Marius Swanepoel where the Indian and Atlantic oceans meet.*



*Father and son on the road.*







# CLASSIFIEDS

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**UNITY SERVICE RECOVERY AA**
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
ALCOHOLICS ANONYMOUS
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*

Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**


**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External


Call Mike on 063 708 4283

**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property


**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Michelle: 078 010 8286 michelle@gansberg.co.za
Janine: 072 931 1431 janine@gansberg.co.za


**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**
CONTACT AUBREY
076 651 6789

**Technokil**
State Registered Pest Control Services
- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE


Free Quotations
Riaan van Niekerk
admin@technokil.co.za
082 878 7093

**PAVING**
Quality brick paving done by professionals

SERVICES INCLUDE:
* Courtyard paving
* Driveway paving
* Patios and pool decks paving
* Cladding
* Pool installations/renovations
* Marbeliting


STONE AGE PAVING
Contact Deon:
082 489 3988
stoneage.projects@gmail.com

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| | 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | L | N | O | Q | K | W | N | R | O | N | G | V | D | G | P | K |
| D | E | I | A | K | N | V | T | J | A | I | D | C | N | S | M | X |
| B | U | L | Z | Y | C | T | V | U | F | B | Z | F | U | G | L | W |
| F | E | R | E | K | C | E | P | D | O | O | W | M | C | S | G | H |
| X | W | A | B | V | N | B | G | Y | X | R | A | W | T | H | E | O |
| H | K | M | R | I | U | Z | E | X | O | T | T | O | U | D | Y | A |
| S | A | L | A | O | K | L | M | G | O | C | R | G | G | V | N | A |
| I | Y | J | N | C | T | I | T | P | D | K | T | E | Q | O | F | R |
| F | L | A | M | I | N | G | O | U | W | I | H | O | M | R | Y | D |
| Y | U | H | N | K | Z | P | E | Z | R | O | R | L | P | F | E | V |
| L | O | R | F | U | P | F | U | B | G | E | A | T | S | U | Y | A |
| L | K | I | W | I | V | Z | T | O | H | S | E | V | R | J | S | R |
| E | R | N | H | A | T | E | E | H | C | K | M | O | V | A | T | K |
| J | H | J | J | B | Y | F | Z | B | S | H | R | E | W | A | P | P |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 7 | | |
| | | | | | | 5 | 3 | |
| | | 9 | | 7 | | | 1 | |
| | 5 | | | 4 | 9 | | 8 | |
| 8 | | | | 5 | 3 | | 2 | 6 |
| | | | | 6 | | 9 | | |
| 7 | | 1 | 2 | | | 8 | | |
| | | | 6 | | 5 | | | |
| 2 | | | | | | 1 | 9 | |

**AARDVARK**
**BEAR**
**CHEETAH**
**FLAMINGO**
**FOX**
**GECKO**
**HEDGEHOG**
**HIPPOPOTAMUS**
**KIWI**
**KOALA**
**MARLIN**
**MINK**
**OCTOPUS**
**PARTRIDGE**
**ROBIN**
**SALMON**
**STORK**
**TROUT**
**VULTURE**
**WOODPECKER**
**ZEBRA**




# ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 4 | 1 | 6 | 3 | 2 | 9 | 7 | 5 |
| 7 | 3 | 5 | 8 | 9 | 1 | 6 | 4 | 2 |
| 9 | 6 | 2 | 7 | 4 | 5 | 8 | 3 | 1 |
| 2 | 8 | 6 | 3 | 1 | 4 | 7 | 5 | 9 |
| 1 | 7 | 4 | 5 | 6 | 9 | 2 | 8 | 3 |
| 5 | 9 | 3 | 2 | 7 | 8 | 1 | 6 | 4 |
| 4 | 1 | 7 | 9 | 8 | 3 | 5 | 2 | 6 |
| 6 | 5 | 9 | 4 | 2 | 7 | 3 | 1 | 8 |
| 3 | 2 | 8 | 1 | 5 | 6 | 4 | 9 | 7 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | T | T | T | L | W | T | A | N | E | Y | H | G | I | T | Y | O |
| B | T | E | B | E | E | X | B | R | E | P | G | T | X | W | R | C |
| C | D | R | K | R | K | V | P | A | M | S | I | I | X | O | A | E |
| R | F | G | R | R | A | T | K | S | Z | A | O | V | B | A | G | L |
| O | C | E | O | I | J | T | T | A | H | H | D | O | X | B | U | O |
| C | E | V | Z | U | L | N | L | P | T | A | W | I | G | I | O | T |
| O | B | B | D | Q | A | B | B | I | V | B | R | Q | L | N | C | N |
| D | W | N | K | S | A | F | X | U | A | E | G | K | A | L | O | A |
| I | N | F | A | T | W | I | L | D | E | B | E | E | S | T | O | M |
| L | R | E | R | W | R | T | G | N | O | E | L | E | M | A | H | C |
| E | H | O | T | U | U | E | P | O | N | C | Q | T | O | L | X | E |
| P | S | Z | M | R | R | A | N | A | C | O | N | D | A | W | T | M |
| S | T | E | E | G | A | Y | A | S | M | B | O | I | B | V | N | W |
| Q | L | Z | E | N | I | M | R | E | G | U | L | L | H | K | Q | E |





**Coastal Aluglass**

*Products direct from factory to public!*

**We specialise in:**

* Windows * Frameless showers
* ALU Showers * Burglar Bars
* Clear Bars * Balustrades * Stackdoors

**Special offer on windows for winter**

*Many years experience. It will pay you to contact us!*

Office: 028 384 2236 / 072 855 8588
E-mail: coastalgansbaai@gmail.com

**WIPDEUR**

Yolanda Liebenberg
072 370 5132

**J&A Sementwerke**
*Gansbaai*

Blokke en stene
Retaining Blokke
Plaveiselblokke en Gas

Goeie gehalte, hoë MPA (sertifikaat beskikbaar)

Eldo Marais: 082 651 9373
Kantoor: 028 384 0494

**B VERWERS**
ALLE VERF DIENSTE

- Skoonmaak & Seël van dakke
- Alle verf-teëlwerk
- Roes-middel vir skroefproppe
- Behandeling-middel vir mos
- Verwysings beskikbaar

BERNARD: 072 112 8406
bernardgl960@gmail.com

PHILIP CRAFFORD
info@geckoflooring.co.za
www.geckoflooring.co.za
Overberg / Western Cape

GECKO FLOORING (pty) LTD

# Rolbal Besigheidsliga

**Meeste inskrywings nóg**

Die pas afgelope Rolbal Besigheidsliga, aangebied deur Franskraal Rolbalklub, is deur nie minder nie as 26 besighede en instansies ondersteun. "Vandat ek kan onthou - en dit kan vanaf 2016 wees - is dit die meeste inskrywings wat ons nóg vir 'n Besigheidsliga gehad het, en ons loop oor van dankbaarheid vir die belangstelling," het Kokkie Kok, wedstrydsekretaris, gesê.

Die wenners in die onderskeie kategorieë is op Dinsdagaand, 17 Februarie 2026, tydens 'n informele funksie in 'n stampvol rolbalklubsaal aangekondig - met klublede in die kombuis wat maar mag kosmaak. Lani Swart, president, het almal verwelkom, waarna Kokkie summier met die belangrike aankondigings begin het.

**Vanjaar se wenners**

In die Beker-afdeling het B Verwers eerste geëindig, met die Birkenhead Boothengelklub se


Beker-afdeling: 1ste - B Verwers.

B-span tweede en Gansbaai Gholfklub se B-span derde. In die Plaat-afdeling het Burmar Workshop as wenners uit die stryd getree, met Chas Everitt wat in die Skild-afdeling eerste geëindig het. Baie geluk aan die onderskeie wenners.

Na weke se harde, maar gesellige rolbalwedstryde, is die wenspanne met die gesogte wisseltrofeë beloon. "Die ses weke se voorafwedstryde bepaal wie in watter kategorie in die finale wedstryde speel," verduidelik Kokkie. "Daar is drie kategorieë: die Beker-afdeling, met drie wenners, en die Plaat- en Skild-afdelings, elk met een wenner."

Nou lê die Lente Rolbal Besigheidsliga in September vanjaar voor - besighede word nou reeds aangemoedig om daarvoor in te skryf. Dit is groot pret en word terdeë deur spelers en ondersteuners geniet. (*Foto's: Marthie Booysen*)

**Hardus Botha**


Beker-afdeling: 2de - Birkenhead Boothengelklub se B-span.


Beker-afdeling: 3de - Gansbaai Gholfklub se B-span.


Plaat-afdeling: 1ste - Burmar Workshop.


Skild-afdeling: 1ste - Chas Everitt.

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 27/2/2026 | Saturday 28/2/2026 | Sunday 1/3/2026 | Monday 2/3/2026 | Tuesday 3/3/2026 | Wednesday 4/3/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 20° | 20° | 18° | 22° | 20° | 22° |
| Moderate Breeze 6 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 10 m/s from west 1.1 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from south-west 0.4 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from south 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 27 February | 1124 | 0009 | 0516 | 1750 |
| 28 February | 1342 | 0200 | 0738 | 1956 |
| 1 March | 0207 | 1426 | 0823 | 2035 |
| 2 March | 0245 | 1503 | 0900 | 2109 |
| 3 March | 0320 | 1536 | 0934 | 2140 |
| 4 March | 0352 | 1608 | 1004 | 2209 |
| 5 March | 0422 | 1638 | 1033 | 2236 |
| 6 March | 0452 | 1706 | 1100 | 2303 |







Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

KINGSLEY
We stock a wide variety of Kingsley beverages which are available for walk-ins & bulk for business.
11 Arum street, Industrial Area, Hermanus,7200
064 037 1877
kingsleyhermanus23@gmail.com


# 'Unieke dorpie met slegs Fouries en Groenewalds in 'n tydlose bestaan...'

Nee-nee, dis nie die Gans-Berg Nuus se mening oor Baardskeerdersbos nie - dis die *Huisgenoot* (31 Mei 1990) wat dit 35 jaar gelede geskryf het! '*Boggel, die baardman van Baardskeerdersbos*' was die opskrif van Elza Pople se artikel oor Barend (Boggel) Fourie (toe 46): "'*n Vreemde kluisenaar ... en 'n unieke dorpie slegs met Fouries en Groenewalds in 'n tydlose bestaan ...*", met die opmerking: "*Hier het ons mikrogolfoonde ook!*" Maar nou ja, in 35 jaar verander baie dinge drasties!

Daar is mense wat hulle nie veel aan toeka-se-dinge steur nie, maar dan is daar dié wat graag daarin rondkrap - miskien om die geheue te verfris. Buurman Jan van Bosch van De Kelders het op hierdie ou, vergete *Huisgenoot* afgekom en sy oog het die B'bos-storie raakgelees, omdat hy goed met die omgewing bekend is.

Oom Abie Fourie het destyds sommer dadelik ingeklim oor een van die 'afkrakende' opmerkings oor Baardskeerdersbos: "Dié stories wat rondloop dat hier 'n man woon wat nog net een keer in 45 jaar gebad het - nee-a, ons is nie agteraf nie - kom, ek sal jou gaan wys!" Die daad is by die woord gevoeg en die destydse joernalis is na Barend se kleihuis geneem. Daar het Barend, 'n bekende inwoner wat 'n kluisenaarsbestaan gevoer het, hulle vriendelik met 'n hand - waarin baie dae se gewerskaf in die grond nog vasgesit het - gegroet en binne genooi. Hy het egter in kort sinne gekommunikeer, "aangesien ek nie gewoond is aan vreemde mense nie," het hy gesê. "Die laaste keer toe hier vreemde mense was, het hulle my seergemaak." Hy het vertel dat hulle sy hande en voete vasgebind, hom aangerand en sy ou meubels gesteel het. "Maar daar was ook ander mense wat my met kwetsende woorde seergemaak het oor my leefwyse."

Binne Barend se kleihuis in Diepkloof is 'n wêreld ontdek wat geen stadsmens ken nie en selfs oom Abie Fourie verstom gelaat het. "Binne knip jy eers jou oë om aan die donker gewoond te raak; die stof, as en roet van baie jare het die mure en vloer swart geverf; in die kombuis is daar uie aan 'n tou bokant die koolstoof; 'n houttafel met koppies en 'n paar borde; 'n sakkie suiker en 'n halwe witbrood; verskeie kleure dasse, almal van antieke sy; 'n stofbelaaide baadjie van suiwer wol; 'n hemp van ingevoerde katoen - en teen die muur hang 'n portret van Barend as 'n aantreklike jong man met netjiese swart hare, "wat 'n man in die stad vir my geverf het," het hy gesê. "Ek verkies maar net om op my eie hier te woon - ek het 'n fiets en 'n radio om nuus en kerk te luister, asook 'n groentetuin wat vir kos sorg. My voete is swart en ek sit dit nie in die bad nie, want dan word die water te vuil - ek het niks verder nodig nie."


Barend (Boggel) Fourie op sy katel in sy kleihuis.


Die legendariese B'bos-tweeling, wyle Tant Anna en Tant Hanna Groenewald in 1990.



Suzette van der Merwe, Mej. Suid-Afrika 1990.

"Baardskeerdersbos is 'n plaas, 'n groot plaas, nie 'n dorp nie, en almal wat hier woon, het een van twee vanne - Fourie of Groenewald. Hier jaag niemand van die een afspraak na die volgende nie; die tyd het aangestap, maar die mense wou nie deel daaraan hê nie," het oom Abie gesê. Barend se suster, Beulah Groenewald, koster van die kerkie en getroud met die legendariese Snoekies, was ook hewig ontsteld oor 'agtertangse'-opmerkings en dat die tyd in Baardskeerdersbos sou stilstaan. "Nee-a, hier is mense met mikrogolfoonde en ons het elektrisiteit, 'n dominee elke tweede week, telefone en kafees, asook 'n skoolsaal waar die boerevereniging vergader - nou wat het 'n mens verder nodig?" het sy destyds ontsteld gesê. Sy het ook beklemtoon dat daar geleerde mense uit Baardskeerdersbos kom - predikante en professore wat hier grootgeword het, baie onderwysers en ook hoë manne in die polisie en die regering!
Om verder deur die berig te lees, was 'n belewenis van toeka-se-jare in Baardskeerdersbos. Daar was ook 'n foto van die legendariese B'bos-tweeling (toe 77), wyle Tant Anna en Tant Hanna Groenewald in 1990, asook die B'bos-kerk van toe. Daar was selfs 'n artikel oor Suzette van der Merwe, Mej. Suid-Afrika 1990, met haar foto op die voorblad.
Vandag kan Baardskeerdersbos se inwoners met trots spog met hul dorp en 'n verskeidenheid moderne fasiliteite, aktiwiteite, besienswaardighede, gereelde kunsroetes, markte en nog baie meer.
(*Bron: Pople, Elza. 1990. "Boggel, die baardman van Baardskeerdersbos."* Huisgenoot*, 31 Mei 1990, bl. 14–17.*)

**Hardus Botha**

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps.
We offer an on-site service

028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za